



Hoërskool Ben Viljoen

UITGAWE 1

BULLETIN

FEBRUARIE 2019

TOP PRESTEERDERS VAN 2018 MATRIKULANTE



Petroné
Moolman

8

Petroné is aangewys as die 4de beste matrikulant in Limpopo en ontvang twee toekennings: die beste prestasie in Inligtingstegnologie sowel as in Engels 1ste Addisionele Taal in Limpopo



Anina
Koekemoer

6



Freco
Botha

5

Freco verwerf die toekening vir die beste prestasie in Meganiese Tegnologie in Limpopo

4



Angelica Aquinaga Tharina Barnard Alisha Grobler Kaylyn Kotzé

3



Jessica Alberts Ingrid Andrews Geyer Steenkamp Daleen Steenkamp Hannahlah MacDonald Florencia Ratau

Hoërskool Ben Viljoen is baie trots op die matrikulante van 2018. Van hierdie 120 matrikulante het 80% universiteitstoelating verwerf, wat die hoogste persentasie in meer as 'n dekade is, en sodoende die skool weer onder die Top Skole in Limpopo plaas.



NUWE PERSONEEL 2019



BEN VIJJOEN SE NUWE STAATMAKERS!

Ons verwelkom graag Mnr. Christo Janse van Vuuren (Proefstudent vir Januarie), Mnr Cassie Louw, Mnr Johan Vreugdenburg, Me. Elizna Steenkamp, Me. Judy Muller, Mnr. Thinus Marais ons glo dat hierdie leerkragte sommer vinnig deel sal word van die Ben Viljoen familie!

Ons groet Mnr. Germishuys




Hoërskool Ben Viljoen wil graag vir Mnr. Marius Germishuys, ons huidige adjunkhoof, gelukwens met sy aanstelling as nuwe hoof van Hoërskool Framesby in Port Elizabeth. Dit is 'n besondere prestasie om aangestel te word as hoof van so 'n leidende Hoërskool in die Oos-Kaap. Hy sal sy nuwe pos op 2 April 2019 aanvaar. Kenmerkend van Mnr. Germishuys sal hy tot en met sy vertrek steeds 'n beduidende verskil maak by Hoërskool Ben Viljoen. Die skoolgemeenskap sien onder andere uit na die voltooiing van die kafeteria vir ons kinders en ouers.

MATRIEKS VAN 2023

Gedurende die naweek van 11 - 12 Januarie 2019, is die Graad 8's van Hoërskool Ben Viljoen (die Skapies) op tradisionele wyse tydens hulle kamp verwelkom by hulle nuwe tuiste!

Vanaf Vrydagmiddag 14:30 tot Saterdagoggend 7:00 is daar van hindernisbane deur die kanaal en modder, boeresport, rugbyveld knip met 'n skêr tot natuuruitstappies beleef. Met net 45 minute slaap, was dit nogal 'n belewenis en 'n half. Hierdie is werklik 'n pragtige groep leerlinge en wil ons graag die ouers baie gelukwens met hierdie kinders. Dit is voorwaar 'n voorreg om sulke oulike kinders hier by Ben Viljoen te verwelkom!

Hier het hulle ook geleer van Omgee, Respek, Lojaliteit, Verantwoordelikheid en Integriteit - die 5 bene waarop Hoërskool Ben Viljoen sy fondasie bou.






REKORD GETAL VAN 170

Graad 8's vir 2019



Graad 8 Kleokleui seremonie



GROENTJIEKONSERT



“The Merchant of Ben Viljoen”

Wat ‘n oulike interessante verhaal, was die jaarlikse groentjekonsert nou nie. Met uitsonderlike toneelspel en die oulikste danspassies is die ouers en personeel van Hoërskool Ben Viljoen vermaak.



Wie sou nou kon dink dat ‘n lening vir ‘n matriekafskeid “date” jou in soveel moeilikheid kan laat beland...



Dankie aan elke “skapie” wat sy/haar deel gedoen het om van hierdie groentjekonsert so ‘n oulike toneelstuk te maak. Al ons Uitvoerende Raadslede en personeel wat hierby betrokke was, ons saluieer julle!



Nog vele meer foto's beskikbaar op Ben Viljoen se Facebookblad!!

Musiekpret!



LEERLINGE



28 Februarie 2019

18:30

R100 | Ete Ingesluit

Informeel

Hoërskool Ben Viljoen

INTERHUIS ATLETIEK

Op 'n vuurwarm Vrydag 18 Januarie 2019 het die atlete van Hoërskool Ben Viljoen nie teleurgestel nie!

Daar is 8 nuwe rekords as volg aangeteken:

Dogters 0/14 – 300m hekkies (Vorige rekord 52,97 – 2013)

Amy Marnitz : Tyd 49,42

Lara Potgieter : Tyd 48,10

Seuns 0/19 – 400m hekkies (Vorige rekord 0:57,50 - 1994)

Jandré Eksteen : Tyd 0:56,63

Dogters 0/14 – Verspring (Vorige rekord 4,82 – 1991)

Amy Marnitz : 4,90

Seuns 0/15 – 1500m (Vorige rekord 05:03,50 – 2012)

Morgan Maeyane : Tyd 05:01,75

Dogters 0/14 – 90m hekkies (Vorige rekord 15,75 – 2013)

Amelia Breytenbach : Tyd 13,54

Amy Marnitz : Tyd 13,66

Lara Potgieter : Tyd 14,69

GOUE MEDALJE WENNERS:

Lara Potgieter, Christian du Plessis, Annecia Engelbrecht, Thabang Magoro, Nicole van der Westhuyzen, Werner Greeff, Queenie Matsipa, Andreas Stylianou, Nicola Els, Nikus Lourens, Anson Olivier, Gino de Agrela, Katelgo Kekana, Nikus Lourens, Johane Kruger, Carmen Britz, Luan Brown, Ntokozo Tlou, Vannie Fourie, Chirene Venter, Lethabo Doloamo, Rynette Hattingh, Clint Mabuzo, Claire Hauptfleisch, Jan Harm Brits, Hope Malesweni, Johan Erasmus, Cherise Smit, Shoki Mochaki, Kyle Bredenkamp, Amelia Breytenbach, Izabella Paissapoulus, Jade Barlow, Fanezi Mahlangu, Lereko Leshika, Rudolph Horn, Sibusiso Mahlangu, Yolandi Enslin, Jandré Eksteen, Amy Marnitz, Lucas Makgata, Melissa Holtzhauzen, Tiaan Gerritsen, Nicola Andreka, Harm Steenkamp, Lené Riekert, Frank Lombaard, Rynhardt van der Linden, Nyeleti Phaladi, Gugu Nkosi, Riandi Venter, Enrique Bishop, Petro Horn, Marnus Grobler, Lynelle Gouws, AJ van Staden, Marne Kruger, Danie Strooh, Elske du Toit, Jacques Oosthuizen, Leoné Smit, PJ Dreyer, Abigail Roos, Rudolph Lubcker, Duard Bruwer, Marizelle Schoeman, Mariscia van Zyl, Dewan Nel, Ian Bekker, Melisa Roesch, Reward Cronjé.

Baie van hierdie leerlinge het meer as 1 eerste plek verwerf, baie geluk met hierdie uitsonderlike prestasie.

Beste velditems:

Amy Marnitz – Hoogspring – 903 Absa punte

Danie Strooh – Diskus – 876 Absa punte

Gugu Nkosi – Verspring 712 Absa punte

Lené Riekert – Hoogspring – 699 Absa Punte

Beste Baanitems:

Amelia Breytenbach – 90m hekkies – 909 Absa punte

Nicole van der Westhuyzen – 100m – 850 Absa punte

Nikus Lourens – 100m – 806 Absa punte

Thabang Mogoro 100m & Morgan Maeyane 400m – beide 732 Absa punte

GEESBEKER IS VEROWER DEUR DIE : GEELSPAN


ATLETIEKBEKER VIR DIE MEESTE PUNTE VEROWER VIR DIE DAG IS VEROWER DEUR DIE: GEELSPAN

Baie geluk aan al ons atlete, sangspan, personeel en ouers wat van ons Interhuis so 'n lekker geleentheid gemaak het!


*Jnr Victrix - Amy Marnitz
Jnr Victor - Tiaan Gerritsen*



*Snr Victor - Jandré Eksteen
Snr Victrix - Nicole van der Westhuyzen*







I
N
T
E
R
H
U
I
S



Nog vele meer foto's beschikbaar op Ben Viljoen se Facebookblad!!

ANDER ATLETIEK BYEENKOMSTE



'n Groot getal van ons atlete het onlangs aan verskeie atletiekbyeenkomste deelgeneem ter voorbereiding vir die jaarlikse Bosveld Interhoër wat hierdie jaar op 23 Februarie plaasvind by Hoërskool Warmbad.



Hierdie byeenkomste sluit in: Die Sasol Kampioenskappe in Secunda, byeenkoms te Hoërskool Middelburg, Tuisbyeenkoms teen vier ander skole en ook die Top 10 atletiekbyeenkoms, waar van ons topatlete deelgeneem het. Tydens die top 10 byeenkoms verwerf Ben Viljoen 'n algehele 7de plek, en eindig in die 2de plek van die Mediumskole. Van die skole waarteen daar deelgeneem is, sluit in Hoërskool EG Jansen, Hoërskool Jeugland en Hoërskool Standerton. Baie geluk aan al ons atlete wat puik prestasie behaal het die afgelope tyd. Baie sterkte vir die laaste voorbereidings vir die Interhoër.





RUGBY BEPALINGS RUGBY FIXTURES 2019

2 MAART	VS LYDENBURG	WEG
5 MAART	BEN VILJOEN 1STE SPAN VS BLOEM SENTRAAL	LOFTUS PRESTIGE
9 MAART	VS WONDERBOOM	TUIS
6 APRIL	VS ERMELO	TUIS
13 APRIL	VS ELLISRAS	WEG
27 APRIL	VS MERENSKY	TUIS
4 MEI	VS FRIKKIE MEYER	TUIS
11 MEI	VS PIET POTGIETER	WEG
18 MEI	VS HTS TOM NAUDE	TUIS
25 MEI	VS HANS STRIJDOM	TUIS
1 JUNIE	VS PHS	WEG

8 JUNIE	LIMPOPO SEMI-FINAAL 2 VS 3 TE HS ELLISRAS	
	FINAAL 2DE, 3DE SPAN EN B -SPANNE	

20 JULIE	LIMPOPO FINAAL 1 VS WENNER 2/3 TE POLOKWANE	
27 JULIE	KWALIFISERENDE RONDTE VIRSEKER BEKER 1,2,3	
3 AUGUSTUS	KWARTEIND VIRSEKERBEKER	
10 AUGUSTUS	HALFEIND VIRSEKERBEKER	
17 AUGUSTUS	FINAAL VIRSEKERBEKER	



DOGTERSHOKKIE BEPALINGS GIRLS HOCKEY FIXTURES 2019

2 MAART	VS LYDENBURG	WEG
9 MAART	VS WONDERBOOM	TUIS
6 APRIL	VS ERMELO	TUIS
13 APRIL	VS ELLISRAS	WEG
27 APRIL	VS MERENSKY	TUIS
4 MEI	VS FRIKKIE MEYER	WEG
8 MEI	VS WARMBAD	TUIS
11 MEI	VS PIET POTGIETER	WEG
18 MEI	VS NYLSTROOM	TUIS
25 MEI	VS HANS STRIJDOM	TUIS

19 & 20 JULIE	LIMPOPO SEMI FINAAL & FINAAL	POLOKWANE
27 JULIE	CHAMP OF CHAMPS	POLOKWANE

1-3 AUGUSTUS	NOORDVAAL	WEG
--------------	-----------	-----





NETBAL BEDALINGS NETBALL FIXTURES

2019

2 MAART	VS LYDENBURG	WEG
9 MAART	VS WONDERBOOM	TUIS
6 APRIL	VS ERMELO	TUIS
13 APRIL	VS ELLISRAS	WEG
27 APRIL	VS MERENSKY	TUIS
4 MEI	VS FRIKKIE MEYER	WEG
8 MEI	VS WARMBAD	TUIS
11 MEI	VS PIET POTGIETER	WEG
15 MEI	VS HANS STRUDOM	TUIS
18 MEI	VS NYLSTROOM	TUIS

25 MEI	NETBAL DISTRIK FINAAL	WEG – FRIKKIE MEYER
1 JUNIE	LIMPOPO FINAAL	WEG- POLOKWANE



SA SKOLE SWEMKAMPIOENSKAP



Tydens die SA Skole Swemkampioenskap vanaf 9-13 Desember 2018 by Ellispark in Johannesburg, het twee van ons swemmers uitstekende uitslae behaal!

Pieter de Beer:

Bronsmedalje vir 100m borsslag

Swem verder in 50m en 200m borsslagfinaal en kom onderskeidelik 7de en 5de

Hy eindig ook 10de in die 50m vlinderslag

Coenraad de Beer:

Wen 4 goue medaljes – 50m rug, 100m rug, 4 x 100m vryslagaflos, 4 x 50m wisselaflos

1 silwer medalje vir 4x 50m vryslagaflos

Verder swem hy in die 50m en 100m vryslag finaal en kom onderskeidelik 9de en 6de.

Hy kwalifiseer ook vir die Senior Nasionale Kampioenskap in 2019

Veels Geluk!

INTERHUIS SWEM

Ons swemmers spook dit uit by die jaarlikse interhuisswem op die 15de Januarie 2019!!

Op 'n vuurwarm Dinsdag het ons swemmers heerlik afgekoel in die swembad tydens die jaarlikse interhuisswemgala, alhoewel dit verkort is deur 'n heerlike reënbui soos net Groblersdal ken.

Hierdie swemgala is egter hervat op 23 Januarie.

Die wenspan met die hoogste punte totaal was die Groenspan, met 'n totaal van 1947 punte, terwyl die geesbeker gewen is deur die Witspan

Ons top swemmers se uitslae:

Junior Victrix Ludorum - Lara Potgieter

Junior Victor Ludorum - Edrich Lourens

Senior Victrix Ludorum - Chanél Lindeque en Chanelle Maritz

Senior Victor Ludorum - Coenraad de Beer

Baie geluk aan ons nuwe rekordhouers:

Jano Beukes: 200 IM - 2:18,03 , 100m Vlinderslag - 1:00,40 , 100m Vryslag- 54,23 , 50m Vlinderslag - 27,33

Lara Potgieter: 50m Rugslag - 35,11 , 100m Borsslag -1:29,65 , 50m Vryslag - 30,56 , 100m Rugslag - 1:20,02

Coenraad de Beer: 50m Rugslag - 30,28 , 100m Rugslag - 1:10,97

Edrich Lourens: 100m Vlinderslag - 1:29,19 , 100m Borsslag - 1:29,71

Pieter de Beer: 100m Borsslag - 1:12,97

Francisco Patricio: 100m Rugslag - 1:22,82

Izabella Paissopoulos: 100m Rugslag - 1:35,22

Miné Maritz: 100m Rugslag - 1,28,38

Dogters o/15 200m Vryslag - Witspan rekord 2:20,94

Seuns o/18 200m Vryslag - Geelspan rekord 1:48,91

(Rekord wat staan vanaf 2013, dus die oudste rekord wat verbeter is)

Seuns o/18 200m Medley Aflos - 2:03,73

Baie geluk aan elkeen van ons swemmers, almal wat nuwe rekords opgestel het, asook almal wat hieraan deelgeneem het!



Nog vele meer foto's beskikbaar op Ben Viljoen se Facebookblad!!

AKADEMIE



Die Akademiese Top 10 is onlangs aangekondig en hierdie leerlinge het baie hard gewerk in hulle finale eksamen van 2018 en uitstekende uitslae behaal. Baie geluk aan elkeen van hierdie leerlinge!!

Graad 8 (2018) nou Graad 9:

Voor: **Kioko Price (89,4%) - Nommer 1**, Dalmari van den Heever (85,4%), Katlego Ngwenya (84,9%), Vanessa Mthembu (84,7%), Johané Geyser (83,7%), Izabella Paissopoulos (84,5%)

Agter: Sandiso Ndaba (87,3%), Ruan Roos (89,1%), Marizelle Schoeman (85,7%) en Marice Geyser (88,3%)

Graad 9 (2018) nou Graad 10:

Voor: Lerato Ramanaledi (87,6%), Chanél Lindeque (87,1%), Navya Anthony (87,1%), Anemie van Rooyen (87,9%)

Agter: **Nicole van der Westhuyzen (93,2%) - Nommer 1**, Elizca Becker (89,0%), Berno Beukes (86,4%), Mogoshadi Phaladi (86,7%), Lesedi Rikhotso (88,2%) en Awandé Geyser (87,6%)

AKADEMIE



Graad 10 (2018) nou Graad 11:

Voor: Milla Kleynhans (84,4%), Soné Jacobs (90,0%), Henia Potgieter (80,7%), Anél Kock (81,0%), Riandi Venter (83,8%)

Middel: Andreas Stylianou (81,9%)

Agter: Divan Venter (81,5%), Tiaan de Klerk (87,4%), Ron Joseph (91,0%) - Nommer 1 en Nigel Nyathi (80,2%)

Graad 11 (2018) nou Graad 12:

Voor: Sonél Frade (74,8%), Annette Botha (78,4%), Caitlin Atkinson (78,8%), Sheffy George (76,3%)

Agter: Delanie Swanepoel (75,6%), Harm Botha (77,9%), Jano Beukes (86,3%) - Nommer 1, Karabo Chuene (74,7%), Diama George (80,7%) en Liske Husselman (79,2%)

TOP 10 TOER

Vanaf 20 – 22 Januarie 2019 het die slimkoppe van Hoërskool Ben Viljoen 'n lekker Top 10 Akademiese kamp uitstappie na Blyde Rivier Canyon Forever Resort geniet.

Een van hul interessante besoekpunte was natuurlik die Maholoholo Diere Rehabilitasie sentrum.

Jaarlikse word hierdie kamp gereël vir ons top kandidate van Gr 9 – 12 wat gedurende die promosiepunt van die vorige jaar op die Top 10 lys verskyn.

Baie geluk aan elkeen van ons leerlinge met hierdie pragtige prestasie en ons glo dat julle hierdie kamp baie geniet het!

Dankie aan Mnr Swaters & van ons ander personeel wat deel was van ons Top 10 Toer!





VLR 2019

Graad 9A



**Angilika Fischer
Eben de Vries**



VLR 2019

Graad 9B



**Marice Geysers
Tiaan Gerritsen**



VLR 2019

Graad 9C



**Dalmari van de Heever
Ruan Roos**



VLR 2019

Graad 9D



**Maleka Keketso
Thabang Magoro**



VLR 2019

Graad 9E



**Lethabo Skhosana
Tumelo Motlatle**

**GREAT
LEADERS**

**DON'T TELL
YOU WHAT TO
DO.**

**THEY SHOW YOU
HOW IT'S DONE.**



VLR 2019

Graad 10A

Clara de Beer Awandé Geysers Berno Beukes



VLR 2019

Graad 10B

**Marli Lessing
Jarred Proenca**



KLASLEIERS 2019



VLR 2019

Graad 10C



**Mignon Vorster
Willem Victor**



VLR 2019

Graad 10D



**Michelle Mamabolo
Lereko Leshika**



VLR 2019

Graad 10E



**Tshepang Skosana
Musa Mthimunye**

LEADERSHIP IS ABOUT
MAKING OTHERS BETTER AS A
RESULT OF YOUR PRESENCE
AND MAKING SURE THAT
IMPACT LASTS IN YOUR
ABSENCE.

SHERYL SANDERS - 600 FACEBOOK



VLR 2019

Graad 11A



**Andrea Coetzee
Juandre Jacobs**



VLR 2019

Graad 11B



**Anel Kock
Ricardo Patricio**



VLR 2019

Graad 11C



**Leone Smit
Divan Venter**



VLR 2019

Graad 11D



**Mukuka Chipote
Dumisani Maselela**

KLASLEIERS 2019



VLR 2019

Graad 11E



**Grace Mmakola
Tebogo Mokone**



VLR 2019

Graad 12A



**Sonel Frade
Carel Hattingh**



VLR 2019

Graad 12B



**Lo-Ret Botha
Hanno Appelgryn**



VLR 2019

Graad 12C



**Megan Liebowitz
Heinrich van Niekerk**



VLR 2019

Graad 12D



**Lebogang Mailula
Leandro De Frietas**



VLR 2019

Graad 12E



**Lesedi Mononyane
Lunga Mthimunye**

BAIE GELUK!!

Die Graad 8 klasleiers word op 'n later stadium verkies.

KLASLEIERS 2019

LIMPOPO SKOLE SWEMKAMPIOENSKAPPE

Tydens die jaarlikse Limpopo skole swemkampioenskappe in Polokwane die naweek van 2 Februarie 2019, het Ben Viljoen se swemmers 7 goue medaljes, 10 silwer medaljes, 11 brons medaljes sowel as 2 rekords teruggebring Dal toe.

Baie geluk aan al ons swemmers met besondere uitslae:

Zaria Fourie: 200m Rugslag - Brons

Joané Lindeque: 50m Borsslag - Brons, 100m Borsslag - Goud

Edrich Lourens: 200m IM - Silwer, 200m Borsslag - Brons

Francisco Patricio: 100m Rugslag - Brons, 100m Vlinderslag - Brons, 200m IM - Brons, 200m Rugslag - Silwer

Lara Potgieter: 100m Rugslag - Silwer, 100m Vryslag - Silwer, 100m Borsslag - Brons, 50m Rugslag - Goud, 50m Vryslag - Silwer

Chanél Lindeque: 100m Vryslag - Brons, 50m Vryslag - Goud, 50m Vlinderslag - Goud

Miné Maritz: 100m Rugslag - Silwer, 50m Rugslag - Silwer, 50m Vlinderslag - Brons

Coenraad de Beer: 50m Rugslag - Goud (nuwe rekord), 100m Rugslag - Silwer (nuwe rekord), 200m Rugslag - Goud, 100m Vryslag - Brons

Pieter de Beer: 200m Borsslag - Goud, 100m Borsslag - Silwer, 50m Borsslag - Silwer, 50m Vryslag - Brons

Eduan du Preez: verbeter 200m IM met 2,34 sekondes en 200m Borsslag met 2,27 sekondes



MUURBAL


WINKRUG

Twee Ben Viljoeners het gaan deelneem aan die Mpumalanga Muurbalkampioenskappe wat gedurende die naweek van die 2de Februarie in Secunda plaasgevind het. Hierdie twee Ben Viljoeners verseker hulle plek in die Mpumalanga Platteland span wat gedurende die Maart skoolvakansie aan die Suid-Afrikaanse Platteland kampioenskappe in Bloemfontein gaan deelneem.

Anro Kotzé is nommer 1 en Ruan Roos nommer 2, en albei word opgeneem in die seuns o/16 Mpumalanga Muurbalspan. Baie geluk aan hierdie twee muurbalkampioene!



'n Nuweling vir Ben Viljoen



Hoërskool Ben Viljoen wil graag ons gelukwense oordra aan Juf. Lisa Botha en haar man Chris Botha met die geboorte van hulle dogtertjie, Elbe. Ons is saam met hulle baie trots om hierdie nuweling te verwelkom!



Hoërskool Ben Viljoen

Kombersprojek **2019**



Ben Viljoen gaan die jaar deelneem aan die jaarlikse kombersprojek vir minder bevoorregtes. Ons wil handevat met leerders, onderwysers en ouers om te kyk of ons as skool 50 komberse kan maak !

Vir 50 komberse benodig ons omtrent 2000 blokke, gewone granny squares met afval wol, enige kleur !

Indien jy wil leer hekel kan ons geleentheid skep waar jy kan leer op 'n Vrydag middag.



**Navrae:
Juf. Christine Coetzee
082 567 1829**